Ps. 119:1,2,4 — **Die Laaste Bede.** — K [Patch 16 Nov. '58
S 52
Ges. 66: 4-6 — Jak 1:6-12; Efes. 6: 10-13;
Ges. 152:4 — 1 Petr. 5: 1- 8.11.

Matt. 6:13 – En lei ons nie in versoeking nie,
maar verlos ons van die Bose.

Die laaste bede: die bede wat die diepste
ons sielenood raak. U sal merk dat die laaste
3 bedes almal aan mekaar verbind is met die
koppelwoord „en" – en ook met ^ gaeie bede: pragtige deur-
lopende gedagte:
– In die 4e bede (Gee ons vandag ons daagl. brood) word
ons hede verseker – ons veiligheid
– I.d. 5e bede (En vergeef ons ...) word ons verlede
verseker – ons verlossing
– I.d. 6e bede (En lei ons ...) word iets nog
groter verseker: die toekoms wat ons anders
onbewapen en weerloos sou moes ingaan – nou
~~in~~ ons verdediging, verskans & beskut!

Waar die 5e bede ons red van sondeskuld
daar die 6e van sondemag; waar die 5de
die sielsiekte genees, daar die 6e dit voorkom
O, wat 'n wonderlike gebed! Die Bose –
ons weet dit – is so sterk, so slu, so listig,
– en die pad v.d. Xten so gevaarlik, so lank.
Sê nou net hierdie een sin was nie in die
Onse Vader nie, sê nou net dat ons nooit
die reg gehad het om dit te bid (Teks) —
sê nou net: wat dan? Dis om van te
huiwer, dis om van te sidder!
Kr. nou: kom laat ons kyk & luister
kyk na d. inhoud van hd. gebed: „Lei ons

"nie in versoeking nie":

I **Die Bewerker van Versoeking:** Op die oog lyk dit asof Jesus te kenne gee dat God die mens versoek – d.w.s. die woorde: „lei ons nie in versoeking nie". En tog staan daar in Jak. 1:13 – „Laat niemand, as hy in versoeking kom, sê: Ek word deur God versoek nie. Want God kan deur die kwaad nie versoek word nie, en self versoek Hy niemand nie"

Laat ons dit duidelik verstaan (dink aan d. gesk. van Satan & Job): God versoek niemand nie – Hy beproef alleen, Hy toets ons. Want versoeking het altyd een oogmerk: om ons tot sonde te verlei, terwyl die beproewing ons teen d. sonde wil versterk. Versoeking trek ons altyd verder weg van God: beproewing trek ons nader tot God.

Mr. wat wel waar is (en ons goed moet verstaan) is dat God die mag het om d. mens in versoeking te lei. U onthou dat Jesus deur die Gees in die woestyn gelei is om deur die duiwel versoek te word. Daarmee erken ons dat ook die wêreld van versoekinge onder die bestuur van God staan (vide Job & Satan – 1:12) "Die duiwels kan nie doen wat hulle wil nie – hulle staan ook onder die mag van God. Ons moet ook nie dink dat God 'n bietjie magtiger is as Satan nie: waar Satan magtig is, is God almagtig. Die duiwel beskik dus nie oor 'n selfstandige mag, onafh. van God nie, mr. alleen oor d. mag wat God hom toelaat en vergun.

Daarom dat ons die volle reg het en ook dd. nog moet gebruik om te bid: Bewaar ons, o God, dat die verleiding van Satan vir ons nie te sterk word nie!"

En ons het nodig om so te bid as ons kom ons kyk na:

II **Die Erns v.d. Versoeking:** Hoe pragtig dink ons H.K. die skerpte en die diepte van die versoeking v.d. Bose uit! „Omdat ons in onsself so swak is dat ons nie een oomblik sou kan staande hou nie, en daarby nog ons doodsvyande: die duiwel, die wêreld en ons eie vlees nie ophou om ons aan te val nie"

Hier het ons dit, duidelik en skerp:

(1) Ons doodsvyande: die magte om ons, onder ons, in ons wat nie sal rus voordat hulle ons oormeedig, tot die dood gedwing het nie. Hd. magte ken geen genade nie: hulle val alles aan op alle fronte – nie alleen ons liggaam maar ook ons siel!

(2) Onophoudelik: Daarby geen verposing, geen onderbreking. Satan is nie alomteenwoordig nie, mr. hy het 'n mag van bose geeste, owerstes in die lug (Efese 6) wat sy gedienstige geeste is, altyd gereed tot elke aanval!

(3) Van baie kante: Die Bybel noem die drie vyande wat ons bedreig

a) Die duiwel: die oudste vyand – die prins v.d. onderwêreld, die Bose. Duidelik verstaan: nie net 'n krag nie, maar 'n persoon. Watter pogings om my van God af te trek! Gebruik veral 2 wapens: geweld en list. As die een nie werk nie, dan d. ander (bv. Daniël in kuil – voor koning). Hy val ons almal orals aan: ryke – arme; getroude – ongetroude, binne kerk – buite kerk. Sy metode: as hy ons nie dadelik tot geweldadige val kan bring nie, dan stappie vir stappie! Ontsien geen mens, geen siekte, geen droefheid, geen dood: ken elkeen se swakheid en elkeen se prys!

b) Die wêreld:

c) Ons eie vlees:

- Ons swakheid
- Karikature van Satan gemaak: vêilgerskorkpe
Die 3 magte: van onder – van buite – van binne!
Hoe staande bly?

III) Die Oorwinning oor Versoeking: Hoe waarderlik hd. belangrikste waarheid: oorwinning is moontlik!

(1) Xtus die oorwinning reeds behaal: Deur sy lewe & sterwe ad. Kruis Satan se mag vir altyd gebreek: „As God vir ons is, wie kan teen ons wees?"

(2) Die H Gees hou ons staande & versterk ons: (H.K.) Is dit nie wat Xtus beloof het nie? Dit nie wat Paulus bevestig as hy sê in 1 Kor. 10:13 – „Maar God is getrou wat nie sal toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie; maar Hy sal saam m.d. versoeking ook d. uitkoms gee"

(3) Die eindoorwinning is ons verseker: (H.-K.): Satan sal nie wen: „Mag julle gees en siel en liggaam geheel onberispelik bewaar word by die wederkoms van onse Here Jesus" (1 Thess. 5:23).

→ Hr prys afsaw: ① Bid
② Stry, teëstand bied: die kerk as Strydende kerk! Is dit vandag so?